

3 Augustus

Openbaring 2:1-7 (2:4)

God eis liefde

God het vir Hom 'n gemeente in die heidense stad Efese tot stand laat kom. Sy liefde vir hulle het tot gevolg gehad dat hulle Hom en mekaar liefgehad het. Die gemeente het geweet waar hulle verlossing vandaan kom. Hulle kon noukeurig onderskei tussen die ware leer en dwalinge. Hulle het verdraaiinge van die Evangelie blootgelê. Hulle was ook bereid om swaar te kry ter wille van die Here se Naam. Op die oog af lyk dit na 'n goeie gemeente. Tog word die gemeente aangekla dat hulle die Here nie meer liefhet soos vroeër nie. Die liefde wat hulle vroeër vir God gehad het, het verflou. Die opgewonde geesdrif wat kenmerkend is van mense wat pas tot bekering gekom het, het met die jare in die gemeente getaan. As gevolg daarvan staan die gemeente gevaar om op te hou bestaan. As daar geen bekering kom nie, sou die Here die lamp (gemeente) wegneem (vers 5).

Geen gemeente kan bestaan as dit nie by die Skrifwaarhede bly nie. 'n Gemeente kan egter ook nie bestaan as daar nie liefde is nie. 'n Koue formalistiese hantering van 'n suiwer leer is geen waarborg vir die voortbestaan van die kerk nie. Suiwer bediening van die Woord, gereelde huisbesoek en Skrifgetroue katkisasie help nie as dit nie gedoen word uit liefde vir die Here en vir mekaar nie. Sonder liefde is daar geen toekoms vir 'n kerk nie.

Sing: Skrifberyming 21:1, 6

Ds. E.J. de Beer (Laeveld)